BELANGRIKE KENNISGEWING – SILIKOSE-EN-TUBERKULOSE-KLASAKSIE

Die skikking in die silikose-en-tuberkulose-klasaksie wat bereik is tussen ses skikkende mynmaatskappye – African Rainbow Minerals, Anglo American SA, AngloGold Ashanti, Gold Fields, Harmony en Sibanye-Stillwater – en die eisende prokureurs, is op 26 Julie 2019 deur die Johannesburgse hooggeregshof goedgekeur en het op 10 Desember 2019 in werking getree nadat al die voorwaardes daarvan nagekom is.

Alle eise wat teen die skikkende mynmaatskappye en hul geaffilieerdes gemaak is wat voortspruit uit of verwant is aan silikose en tuberkulose, onder andere die klasaksie wat voor die hooggeregshof geïnisieer is, geskied ooreenkomstig die bepalings van die skikking.

U kan moontlik in aanmerking kom om te eis indien:

1. u 'n goudmynwerker was tussen 12 Maart 1965 en 10 Desember 2019;
2. u by een of meer van die kwalifiserende myne (sien lys onderaan) gewerk het gedurende die tydperk dat daardie myne in die besit of bestuur was deur een van die skikkende mynmaatskappye;
3. u werk onderneem het wat u aan silikastof blootgestel het; en
4. u het silikose of tuberkulose opgedoen, OF u is 'n afhanklike (byvoorbeeld, die vrou, kind of lewensmaat) van sodanige goudmynwerker wat oorlede is.

LEES ASSEBLIEF HIERDIE KENNISGEWING AANDAGTIG, AANGESIEN DIT U REGTE KAN BEÏNVLOED.

WIE IS DEEL VAN DIE SKIKKING?

Die skikking is van toepassing op alle klaslede. U is 'n klaslid indien u al die aan al die vereistes van enige van die volgende vier klasse voldoen:

Klas 1:
Alle persone: 1. wat tot en met 10 Desember 2019 risikowerk onderneem het. Risikowerk word in die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe van 1973 gedefinieer as werk wat deur 'n persoon verrig word wat hom/haar aan stof blootstel waarvan die samestelling of konsentrasie skadelik of potensieel skadelik is, insluitend om ondergronds by 'n goudmyn te werk; 2. wat tot en met 10 Desember 2019 silikose opgedoen het of wat aan silikastof blootgestel is; 3. wat risikowerk by een of meer van die kwalifiserende myne (sien lys onderaan) onderneem of onderneem het ná 12 Maart 1965; en 4. van wie die eise nie vereffen is nie tydens vorige gefinaliseerde skikkings met Anglo American Suid-Afrika Beperk en AngloGold Ashanti Beperk op 14 Maart 2016, en met Anglo American Suid-Afrika Beperk op 19 September 2013, onderskeidelik.
Klas 2:
Die afhanklikes van enige van die persone uiteengesit in Klas 1 hier bo wat oorlede is soos op 10 Desember 2019.
Klas 3:
Alle persone: 1. wat tot en met 10 Desember 2019 risikowerk onderneem het; 2. wat op, voor of ná 10 Desember 2019 tuberkulose opgedoen het of sal opdoen; en 3. wat risikowerk by een of meer van die kwalifiserende myne (sien lys onderaan) onderneem of onderneem het ná 12 Maart 1965.
Klas 4:
Die afhanklikes van enige van die persone uiteengesit in Klas 3 hier bo wat oorlede is soos op 10 Desember 2019.

WAT IS DIE UITWERKING VAN HIERDIE SKIKKING?

Die Tshiamiso Trust is tot stand gebring om die bepalings van die skikking uit te voer en om geldelike vergoeding aan aanspraakmakers te betaal. Aanspraakmakers sal geregtig wees op 'n eenmalige betaling van tussen R10 000 en R250 000, na gelang van die aard en ernstigheid van die siekte en skade wat deur sodanige aanspraakmaker gely is. In sommige ernstige gevalle kan 'n aanspraakmaker 'n groter bedrag (tot en met R500 000) ontvang.

- Aanspraakmaker is iemand wat lid van enige van die bogenoemde klasse is, en wat aan die Tshiamiso Trust se vereistes vir geldelike vergoeding voldoen.
- Alle lede van die klas, behalwe diegene wat kies om hulle aan die skikking te onttrek, kan, en word uitgenooi, om eis vir geldelike vergoeding by die Tshiamiso Trust in te dien.
- Besonderhede oor hoe om 'n eis in te dien word hier onder gegee, asook op die webwerf www.tshiamisotrust.com .

Die volledige bepalings van die skikking, asook die hof se besluit waarin die skikking goedgekeur word, is beskikbaar op die webwerf www.tshiamisotrust.com of kan by die Tshiamiso Trust aangevra word (kontakbesonderhede verskyn onder).

DIT IS NIE NODIG OM IEMAND TE BETAAL OM U TE HELP OM 'N EIS IN TE DIEN NIE, EN U MOET NIEMAND BETAAL NIE!

HOE OM 'N EIS BY DIE THE TSHIAMISO TRUST IN TE DIEN:

EISPROSEDURE:

Volg asseblief die volgende stappe:

1) U kan sekermaak of u besonderhde in die Tshiamiso Trust se databasis is en of u 'n potensiële eis het deur na hierdie bladsy op die Tshiamiso Trust se webwerf te gaan: https://www.tshiamisotrust.com/status-check/. U kan ook die trust se inbelsentrum skakel om u besonderhede na te gaan en om uit te vind of u 'n potensiële eis het.

2) Die bogenoemde webwerf en die inbelsentrum sal u ook in kennis stel watter indieningsdokumente u as deel van u eis moet indien. Hierdie dokumente kan die volgende insluit:
   - 'n afskrif van u identiteitsdokument, paspoort of bewyse van u personeel-/industrienommer;
   - indien u 'n afhanklike is (byvoorbeeld die vrou, kind of lewensmaat) van 'n goudmynwerker wat oorlede is, benodig u 'n afskrif van die identiteitsdokument, paspoort of bewyse van 'n personeel-/industrienommer van die oorlede persoon;
   - u diensrekords by enige kwalifiserende myn (sien lys onderaan).

3) Om sy/haar eis in die dien, sal elke aanspraakmaker 'n afspraak moet maak deur die trust se inbelsentrum te skakel. Daar is 50 eisindieningskantore in Suid-Afrika en die SAOG-streek. Die inbelsentrum sal 'n afspraak maak by die kantoor wat die naaste is aan waar u woon. Elke aanspraakmaker moet sy/haar eis persoonlik indien.
   - Aanspraakmakers wat in Suid-Afrika woon, kan die trust se inbelsentrum se tolvrye nommer by 080 1000 240 skakel om 'n afspraak te maak by hul naaste indieningskantoor in Suid-Afrika.
   - Aanspraakmakers wat nie in Suid-Afrika woon nie, kan die trust se terugskakelnommer by **00 27 10 500 6186** skakel om 'n afspraak by 'n indieningskantoor in hul land te maak. Let asseblief daarop dat die nommer besig sal klink wanneer dit geskakel word. Die oproep sal dan beëindig word en iemand van die inbelsentrum sal u terugskakel. Afhangend van u selfoon- of landlynnetwerkdiensverskaffer mag u moontlik bietjie lugtyd nodig hê om die oproep te begin.

   Let asseblief daarop dat die inbelsentrum slegs tussen 08:00 en 17:00 van Maandag tot Vrydag beskikbaar is. Skakel asseblief slegs gedurende hierdie tye.

4) Op die dag van u afspraak, bring asseblief al die indieningsdokumente wat u het na die indieningskantoor saam. Die eisindieningsbeampte sal u in kennis stel in verband met wat gedoen kan word in die geval van indieningsdokumente wat ontbreek.

5) Alle aanspraakmakers sal biometriese toetse ondergaan (vingerafdrukke, ens.) om hul identiteit onweerlegbaar te bevestig.

6) Indien nodig, sal 'n voordeelmedieseondersoek gereël word. Dit sal ook volgens afspraak wees.

7) Daarna sal u eis oorweeg word deur die Mediese Sertifiseringspaneel en die Trust se Sertifiseringskomitee ooreenkomstig die bepalings van die trust.

8) Wanneer dit goedgekeur is, sal die geldelike vergoeding wat aan u verskuldig is in u geverifieerde bankrekening inbetaal word ooreenkomstig die bepalings van die trust.

VIR MEER INLIGTING:

Besoek www.tshiamisotrust.com

DIE TSHIAMISO TRUST SE KONTAKBESONDERHEDE IS:

Tel: Indien u in Suid-Afrika woon:
080 1000 240
Indien u nie in Suid-Afrika woon nie:
00 27 10 500 6186

E-pos: info@tshiamisotrust.com

Whatsapp: (+27) 87 250 0066

Webwerf: www.tshiamisotrust.com

Tshiamiso TRUST

Kwalifiserende myne

SA Land
Daggafontein
Oos-Daggafontein
Elandsrand
Deelkraal (ook bekend as Elandskraal)
Kusasalethu
Western Holdings (1,2,3,4,6,7) (ARMGold)
Matjhabeng (Western Holdings se ander vier skagte, nl. Kudu, Nyala, Sable en Eland, voormalige skagte van Freddiesmyn en Vrystaat Geduldmyn.)
Saaiplaas 2,3
Saaiplaas 4,5
(Masimong) (FreeGold 3)
Vrystaat Geduld
Vrystaat Gekonsolideer
FreeGold 2 en 4
Freddiesmyn 7 en 9 (tot Kades Barnea cc, Pamodzi, Target-myn)
Freegold 2, 4 (Tshepong, Phakisa)
President Brand
President Steyn
Steyn 1,2 (tot Kades Barnea, Pamodzi, Bambanani)
Steyn 3,4 (FreeGold 1, toe Bambanani)
Brand 1, 2, 3, 5 (Steyn 5 tot 8)
HJ Joel / Joel
Western Reefs (saamgesmelt met Vaal Reefs)
Vaal Reefs (1,3,4,5,6,7)
Vaal Reefs 2
Vaal Reefs 8
(Great Noligwa)
Vaal Reefs 9 (Kopanang)
Vaal Reefs 10 (Tau Lekoa)
Vaal Reefs 11 (Moab Khotsong)
Western Deep Levels
Mponeng (Suidelike Myn WDL 1)
Tau Tona (Oostelike Myn WDL 3)
Savuka (Wes Myn WDL 2)
St Helena
Evander (insl. die Kinross, Leslie, Bracken en Winkelhaak myne)
Randfontein Landgoedere
Doornkop
Cooke 1, 2 en 3 (Rand Uraan)
Cooke 4 (Ezulwini)
Unisel
Harmony-myn
Merriespruit
Hartebeesfontein
Loraine (skagte 1,2 en 3)
Zandpan
Virginiamyn
Village Main Reef
Westelike Areas (tot South Deep)
South Deep
Beatrix (insluitend Oryx)
Oryx (tot Beatrix)
Driefontein (insluitend Oos-Driefontein, Wes-Driefontein en Driefontein Gekonsolideer)
Kloof (insluitend Leeudoorn, vanaf 1 Jan. 1993, Libanon en Venterspos)
St Helena (Beisa-afdeling)